# Oefenvraestel 2023: Natuurwetenskappe en Tegnologie

**Totaal: 50**

**Vraag 1:** Pas die eienskap by kolom B by die korrekte planeet by kolom A. (7)

| KOLOM A | | KOLOM B |
|---|---|---|
| | | |
| 1.1 Aarde | | a. Die dik atmosfeer veroorsaak dat die oppervlak nie van die aarde af waargeneem kan word nie. |
| 1.2 Jupiter | | |
| 1.3 Uranus | | b. Tweede gasplaneet. |
| 1.4 Venus | | c. Oppervlak is met rooi stof bedek. |
| 1.5 Neptunus | | d. Eerste planeet in ons sonnestelsel. |
| 1.6 Mars | | e. Bekend as ʼn ysreus. |
| 1.7 Saturnus | | f. Staan bekend as die blou planeet. |
| | | g. Al die ander planete sal saam in die planeet pas. |
| | | h. Het ʼn blougroen kleur a.g.v. die metaan. |

1.1 _____ 1.2 _____ 1.3 _____ 1.4 _____ 1.5 _____ 1.6 _____ 1.7 _____

**Vraag 2:** Sê of die volgende stellings waar of onwaar is. Indien onwaar, verander die onderstreepte woord om die stelling waar te maak.

2.1 Die **objektiewe lens** van ʼn teleskoop neem die lig en vergroot die voorwerp. (1)

______________________________________________

2.2 Die **ooglens** van ʼn teleskoop versamel die lig van veraf voorwerpe tot ʼn punt. (1)

______________________________________________

2.3 Die maan **verskaf sy eie lig**. (1)

______________________________________________

2.4 **Mense** het al op Mars geland en die planeet verken. (1)

______________________________________________

2.5 **Aarde** is die enigste planeet met lewe op. (1)

______________________________________________

2.6 **Jupiter** is die 7de planeet van die Son af. (1)

______________________________________________

**Vraag 3:** Vul die ontbrekende woorde in.

3.1 Die aarde roteer van ___________________________ na __________________________(rigting). (2)

3.2 ____________________________(planeet) vat die langste om om die son te beweeg. (1)

3.3 Die asteroïedgordel is tussen __________________________ en __________________________ (planete). (2)

**Vraag 4:** Beantwoord die volgende vrae.

4.1 Wat noem ons die draaibeweging van ’n voorwerp om sy eie as? (1)

___________________________________________

4.2 Hoe lank vat dit die aarde om om die Son te wentel? (1)

___________________________________________

4.3 Wat noem ons die Son en al die voorwerpe wat daaromheen beweeg? (1)

___________________________________________

4.4 Wat is die laag gas rondom ’n planeet? (1)

___________________________________________

4.5 Hoe lank neem dit die maan om ’n volle omwenteling om die aarde te maak? (1)

___________________________________________

4.6 Wat word ’n groep teleskope wat saamwerk om radiogolwe te versamel, genoem? (1)

___________________________________________

4.7 Waarvoor staan NASA? (2)

_____________________________________________________________________________________________

4.8 Het die maan sy eie wentelbaan om die Son? Gee ’n rede vir jou antwoord. (2)

_____________________________________________________________________________________________

_____________________________________________________________________________________________

4.9 Verduidelik wat met die kwart dag van die Aarde-jaar gebeur. (2)

_____________________________________________________________________________________________

_____________________________________________________________________________________________

4.10 Verduidelik hoekom dit verkeerd is as ek sê: "Die maan skyn." (2)

4.11 Noem die drie teleskope wat ons in Suid-Afrika kry. (3)

4.12 Noem die vier planete wat gasreuse is. (4)

4.13 Gee ’n kort beskrywing hoekom 20 Julie 1969 ’n belangrike datum is vir sterrekundiges. (2)

4.14 Verduidelik wat ’n verkenningsvoertuig is en gee ook die hoofdoel van ’n verkenningsvoertuig. (4)

4.15 Teken ’n diagram met duidelike byskrifte om die omwenteling van die Aarde en die maan aan te dui. (5)

**TOTAAL: 50**